

# Waterkruik



JAARGANG 56

NO 17

27 April AD 2019

## **KOLLEKTE BY DIE DEURE**

### **Vandag: Teologiese Studentekas**

Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansiël met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

### **Volgende Sondag:**

#### **Emeritaatsversorging:**

Doel: Om die emerituspredikante, -weduwees en -wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.

## **DIENSBEURTE**

**Vandag:** Wyke 19 & 20

**Ouderlinge:** Tinus Erasmus

Douw Breed jnr.

**Diaken :** Eddie Engelbrecht

**Volgende Sondag:** Wyke 21 & 22

**Ouderlinge:** Pieter Smit

Theo le Roux

**Diaken:** Ian de Villiers

## **VANAAND SE EREDIENS**

Vanaand se erediens is 'n ruildiens met die Gk Pretoria-Montanapoort en die diens sal gelei word deur dr. Pieter Heystek. Die Skriflesing is Hebreërs 12: 5 tot 7 en die tema is: "Swaarkry en einakry en die lewende Here en ek....."

## **TEESKINKBEURTE**

Dankie aan die susters van wyk 24 wat vanoggend o.l.v. *Ansie Heymans* ons gaan bederf met lekker tee en koffie.

Volgende Sondag is dit die beurt van wyke 25 & 26 o.l.v. Johanna du Plooy en Sophia Theunissen.

## **BREË KERKRAADSVERGADERING**

Die lede van die Breë Kerkraad moet daarop let dat die vergadering nie meer eerskomende Woensdag 8 Mei plaasvind nie maar wel op **Woensdag 15 Mei** 2019 om 19:00 in die saal.

## **Program vir die week**

### **Maandag**

Katkisasie vir hoëskoolleerders soos gereël.

### **Donderdag**

#### **Bybelstudiegroepe**

**08:30** Groep 1: In die Konsistorie

**09:30** Groep by Nasarethhuis

**10:15** Groep 2: In die Konsistorie

**18:30** Groep 3 by die Pastorie

**19:30** Kerkjeugaksie vir jongmense tot ongeveer 30 jaar: in die Pastorie.

*Groepe 1, 2 en 3 doen voorbereiding vir die komende Sondag se preek.*

## **VERJAARSDAE**

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorfloed aan julle geskenk word."*  
*Judas vs. 2*

### *Vandag*

Sr. Retha Bos                   083 398 0095  
Sr. ReINETTE Kropff         084 019 2865

### *Maandag 6 Mei*

Br. Andrew Fogwill         082 603 4619  
Br. Ewald Landsberg       081 282 4727

### *Dinsdag 7 Mei*

Sr. Susan Conley             072 437 6365  
Sr. Sunet Smith             083 557 3370  
Sr. Liesl Schutte            083 949 5342

### *Donderdag 9 Mei*

Br. Ewald Landsberg       083 27 57989  
Josh Fogwill                 082 603 4619

## **MEELEWING**

Hartlik geluk aan *Henri van Staden* wat onlangs in die huwelik getree het met Carla. Ons bid julle die Here se rykste seën toe op julle huwelik. Mag julle 'n lang en gelukkige huwelik tegemoet gaan. 072 650 1888

Ook geluk aan *Johan en Nadine van Staden* met julle seun se huwelik. Mag hulle vir julle ook tot seën wees. 012 347 8383

*Sr. Kotie Prinsloo* het Donderdag 'n operasie aan haar linkerknie ondergaan en sterk tans aan in die Steve Biko-hospitaal. Kotie ons bid jou spoedige herstel toe. 066 115 1949

Ons is saam met br. Roelf Steenekamp en sy gesin dankbaar vir die mooi beterskap wat daar by *sr. Alida Steenekamp* ingetree het. Sy is egter nog steeds in die Pretoria Oos hospitaal. Mag jy elke dag sterker word. 083 303 9633

*Sr. Redena Kruger* se oudste broer is verlede Saterdag skielik oorlede. Ons bid jou die vertroosting van die Heilige Gees toe in hierdie hartseer tyd. Sy sal ook DV Vrydag 'n operasie ondergaan. Ons bid dat die Here die operasie sal seën en dat jy gou weer beter sal wees. 084 507 6833

*Sr. Emmie van der Schyff* moes weer toetse vir kanker ondergaan en gaan heel moontlik weer behandeling ontvang. Ons bid jou en Okkie krag en sterkte toe. Mag die Here julle beide vashou in Sy liefdevolle genade. 083 443 6200



*"...maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie afgemat nie."*

*Jesaja 40:31*

### **BAIE DANKIE**

Ons dra ons dankbaarheid vir die goeie wense oor aan ds. Douw en die kerkraad. Ons waardeer dit baie. Theuns word elke dag sterker en ons lewe in vertroue op ons Almagtige Vader om hom weer ten volle gesond te laat word.

*Theuns en Marié Kruger.*

Theuns Kruger sterk tuis aan ná 'n knie-vervanging

### **BEROEPENUUS**

#### ***Beroepe aanvaar***

Proponent HJ Coetzee (Herman) na Amanzimtoti

#### ***Beroepe bedank***

Ds GC Coetzee (Gideon) van Standerton na Delmas

### **"HIGH TEA" MET 'N BOERE"TWIST"**

Broeders en susters, hou asseblief **Sondag 26 Mei** oop vir 'n lekker saamkuier na die nagmaalerediens.

Die "mad hatter" nooi julle almal uit vir die teepartytjie van die jaar.

Daar wag 'n heerlike verrassing op julle!!

Hou die spasio dop vir verdere inligting.



### **DIE KUIERKAFEE**

*Na 'n maand se uitsien het die Kuierkafee weer Dinsdag 30 April sy draai hier gemaak. Ons was almal uitgehonger vir ons samesyn en dit was weereens 'n heerlike geselsbyeenkoms. Sr. Ria Stoker het ons vertel hoe die brei-program vir die kinders by Reddersburg vorder en ons was almal beïndruk met die liefdeswerk wat sy en haar groep doen.*

*Ons was selfs verras en vereer met die rekordbywoning van die manne. Ja, ons mans geniet dit ook om te gesels en dan kan ons daarna ons droë kele dokter met koffie of tee en heerlike smulgoed verskaf deur Rika le Roux en 'n vriendin. Dankie aan julle 2 staatmakersusters en aan die susters en broeders wat gehelp het met die opwas en opruim na die tyd. Die broeders het natuurlik nie die opwas en wegpakseremonie bygewoon nie !*

*Groete en seën tot die volgende keer.*

*Tjaart van der Walt. .*

## **EVANGELISASIE . . . ONS ROEPING**

Eerskomende **Sondag 12 Mei** gaan **ds Johannes Aucamp** van Rietvallei gemeente die oggenderediens by ons gemeente lei. Sy **preektema** sal gerig wees op die **uitdra van die Evangelie**, ons roeping.  
*Evangeliesasiekommissie.*



## **BAIE DANKIE VIR DIE BREIGOED VIR DIE PRESIDENTKRUGER KINDERHUIS, REDDERSBURG**

*Sr Ria Stoker skryf :*



Baie, baie dankie aan al die broeders en susters wat gemaak het dat die breiprojek 'n reuse sukses was. Hoewel die Kinderhuis 60 kinders het, het hulle laat weet dat dit hoofsaaklik die laerskoolkinders (31) is wat hulp nodig het. Die skenkings was egter so baie dat daar genoeg vir almal sal wees.

Die bydraes sluit o.a. in 13 truitjies, 11 poppe en ongeveer 50 musse, serpe en handskoene.

Maar moenie ophou brei nie. Ek het alreeds nog bydraes ontvang wat ons vir Pretoria se kinderkuis kan gee. Sodra daar genoeg is, kan ons dit dalk al hierdie winter vir hulle gee.

Nogmaal baie dankie vir die entoesiastiese samewerking en bydraes hierdie jaar. En daar is nog wol beskikbaar in die saal.

Ria Stoker, Solo deo Gloria

## **HOE MOET JOU SONDAG LYK ?**

### **1. Rus sonder om niks te doen nie**

Die "rus" van die vierde gebod beteken nie ledigheid nie. Fokus om te rus van die wêreld, jou sonde en aardse dinge. Dink daaraan om 'n dag van rus van tegnologie sommer elke Sondag te maak.

### **2. Word toegerus vir die week wat kom**

Sit dié dag apart vir die Heilige Gees om in jou te werk deur sy Woord, gebede en die samekoms met die heiliges. Hierdie is die ideale dag wat gegee word vir jou om met jou gesin te gesels oor die Here en sy werk.

### 3. Dit is jou erediensdag

Dis die dag van samekoms en aanbidding. Hebreërs 10:25 praat van Sondag: "en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom."

### 4. Bring die dag as 'n offer

Sondag is 'n dag wat radikaal anders moet lyk as die ander dae, want dit is 'n dag wat ek aan die Here toewy. Dit is nie 'n dag van moets en moenies nie. Ja, dit is 'n dag van fisiese rus, maar dit is ook 'n dag van toegewyde diens aan die Here.

Sondag is God se verbondsteken, wat die gelowiges as 'n feesdag onderhou, deur saam in die verlossingswerk van Christus te rus.

(Uit:Kruispad)

### **VERHOUDING TUSSEN DIE TEOLOGIESE SKOOL EN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT**

In die jongste uitgawe (Mei) van Die Kerkblad is daar 'n artikel met die bostaande as onderwerp. Die Redaksie gee hieronder vir u enkele grepe daaruit en deel met groot erns die bekommernis oor die **Universiteit se houding teenoor die Teologiese Skool**.

*"Soos nou reeds vele male gesê is, vier ons gedurende 2019 op verskeie maniere fees in dankbare terugkyk op 150 jaar. Sowel die Teologiese Skool as die Universiteit is dus 150 jaar oud. Ongelukkig sien die bestuur van die Universiteit dit nie so nie en het hulle besluit om nie deel te neem aan die feesvieringe nie. Hulle beskou 2005, toe die Universiteit van Noordwes en die PU vir CHO verenig het om die Noordwes-Universiteit te vorm, as die begin van die universiteit.*

*Intussen is dit ook so dat die Universiteit die Kuratore in kennis gestel het dat die huidige ooreenkoms tussen die Universiteit en die GKSA, volgens hulle interpretasie van die grondwet en beleide van Hoër Onderwys, nie meer haalbaar is vir hulle nie. Hierdie beleide vereis, volgens hulle, dat die Universiteit se ooreenkoms net met 'n ander onafhanklike Hoër Onderwysinstelling gesluit kan word. Die Senaat van die TSP en die Kuratore het dus 'n proses begin om so instelling te registreer (moontlik genoem die Gereformeerde Teologiese Akademie of GTA). Dit sou die kerke ook in staat stel om, indien die verhoudinge met die Universiteit skeefloop, onafhanklik die opleiding van die GKSA se predikante te doen en grade toe te ken.*

*Intussen is die Senaat van die Teologiese Skool besig met navorsing met die oog op die samestelling van die kurrikulum vir die opleiding van predikante. Ons is diep onder die indruk dat tye vinnig verander en dat die eise wat aan predikante in hulle*

bediening gestel word, ook steeds verander. Ons besef ook dat die bediening aan verskillende kultuurgroepe verskillend is en ons wil die opleiding ook daarby aanpas. Vraelyste is na al die GKSA se gemeentes gestuur en ons het reeds baie teruggekry, maar wag nog vir sommige gemeentes se vraelyste. Ons beoog ook om met verskeie persone betrokke by verskillende tipe bedieninge gesprek te voer om hulle insette deel te maak van die navorsing. In die veranderende finansiële omstandighede is dit vir baie voornemende predikante nie meer moontlik om voltyds na Potchefstroom te kom nie. Die tegnologie het ook so ontwikkel dat onderrig op afstand baie meer toeganklik en moontlik geraak het.

Daar sal dus besin moet word oor die metode van onderrig, met die voorwaarde dat die vorming van die student nie skade ly nie en dat die beginsels wat die Sinodes uitgewys het, gehandhaaf word. Indien afstandsonderrig oor al die studiejare plaasvind, sal die plaaslike kerk 'n baie groot rol moet vertolk in die toesig en praktiese toerusting van studente.

Ons is 150 jaar ná die geloofsbegin van 'n klein klompie gemeentes en predikante. Die Here het voorsien in hierdie jare. In geloof en in die hoop op ons Here, soek ons biddend na die pad wat ons moet loop. **Ons glo dat Hy wat beveel en dit geskied, Hy sal sy seën oor ons gebied."**

Ns. Dr Douw is betrokke by die beraadslagings van die Teologiese Skool

\*\*\*\*\* **BROEDER EN SUSTER : ONTHOU DIE GRIEKSE BOERTJIE OP 18 MEI !!** \*\*\*\*\*

## ALLERLEI

### BYBELS AAN KINDERS IN DIE OOS-KAAP

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika berig dat die **Word Riders** onlangs weer 'n week lank op toer gegaan om Bybels by skole wat in die armste dele van ons land geleë is te plaas. 37 Motorfietsryers van Word Riders het 54 skole besoek waar 3 700 kinders Bybels ontvang het, as deel van die Bybelgenootskap se projek, Bybels vir Graad 7-leerders. Skole in en om dorpie soos Humansdorp, Kareedouw, Joubertina, Misgund, Uniondale, Willowmore, Aberdeen en Graaff-Reinet is besoek.



shutterstock.com • 266850542

## **MACHTELD POSTMUSHUIS**



Die bejaardes van Machteld Postmushuis het Saterdag 1 Junie 2019 weer 'n **Kardoesmark** van 08:00 tot 13:00. Enige bydraes, of dit 'n pakkie suiker, meel of 'n blikkie bakpoeier, dosyn eiers, versiersuiker of 'n bottel olie, enige bestanddele vir gebak sal welkom wees. Wol en geskenkies is ook welkom vir die tombolatafel asook boeke. Bestanddele kan by ons kerk afgelewer word, gemerk "Machteld Postmushuis". Skakel Joey Lindeboom 082 446 5927 of Corrie Lubber 083 780 4750 vir meer

inligting

**GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-ANNLIN** bied 'n ontbyt saam met Chris Coetzer aan op Saterdag 11 Mei om 09:30 vir 10:00 in hulle kerksaal, h/v Braam Pretorius- en Kameelbaslaan, Wonderboom. Kaartjies beskikbaar by GK Annlin se kerkkantoor (012 567 1492) voor of op Woensdag 8 Mei. Koste R80 per volwassene en R50 per kind.

## **AFRI-DUETFEEES**

*Ds Cassie Aucamp skryf :*

Hierdie jaar gaan 'n besondere Afri-Duetfees wees. Ons het daarin geslaag om al vier die manne van ROMANZ saam te kry, elkeen met 'n hand-uitgesoekte duetmaat:

- Louis Loock saam met Corlea Botha;
- Burgerd Botha saam met Loriska Bubb;
- André Venter met Almarie du Preez, en
- Adam Barnard met Natasha Joubert.

Dit word aangebied op Vrydag 18 Oktober om 19:00 en Saterdag 19 Oktober om 14:00, in die Chose Life Ouditorium, voorheen die gebou van die NG Kerk Moreletapark, in Rubensteinstraat.

## **Ek het twee versoeke:**

Dat u, as u hierdie uitsoekgeleentheid wil bywoon, 'n e-pos stuur na [duetfees@gmail.com](mailto:duetfees@gmail.com); of skakel, SMS of WhatsApp Ds. Cassie by [082-377 1112](tel:082-377-1112). Dat u hierdie e-pos met die skakel sal aanstuur na lidmate of vriende op u e-poslys.

## **FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING**

### **PREDIKANT**

Dr. Douw Breed  
Duikerlaan 52  
MONUMENTPARK  
012 460 0700

### **SKRIBA**

Eddie Trollip  
083 230 4245

### **KANTOORURE:**

Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.  
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon herlei is na die selfoon.

### **ATTESSKRIBA**

Tinus Erasmus  
012 807 5213  
082 410 2252

### **OU DL SKRIBA**

Corrie Skinner  
082 494 0309

### **BANKBESONDERHEDE**

#### **Kerk:**

ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand  
Rek no. 000 340 685

### **VOORSITTER DIAK.**

Loutjie Coetzee  
083 457 8489

### **ORRELIS**

Ansie Wichmann  
072 605 8675

### **Diakens:**

ABSA: Diakonie Spaar  
Rek. No. 9139785681

**e-pos kerk:** [nwgkw@telkomsa.net](mailto:nwgkw@telkomsa.net)

### **webwerf:**

[www.gkwaterkloofrand.org.za](http://www.gkwaterkloofrand.org.za)

Daar is skakels wat u neem na oudio- en videoutsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

### **PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggendedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat. (die terrein word gesluit gehou tydens die diens)

### **SONDAGKOSTER:**

Hein Wichmann 072 605 8675

### **WEEKKOSTER:**

Nienke vd Walt: 083 398 9080

### **KANTOOR:** Nienke vd Walt

012 460 6925 en 012 998 0912

### **PREEKVERDUIDELIKINGS**

Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot die in graad 4 deur 'n suster of susters in die saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

**FOTO'S** van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.

